



Posbus 4017  
Witbank  
1035  
6 Februarie 2017



## Aan Alle Jagters Verenigings:

### UITNODIGING EN INSKRYWINGSVORM: HOËVELD JAGTERS EN WILD BEWARINGS VERENIGING SPANSKIETKOMPETISIE 16 September 2017

**Die kompetisie sal plaasvind onder die toesig van HJV Vereniging. Geen individuele tellings sal gehou word nie, hierdie is 'n Spanskiet.**

1. **NAAM VAN SPANNE EN SPANLEDE SE NAME** (Voltooi aangehegde aanhangsel)

2. **INSKRYWINGSFOOIE:**

Koste per span van 4 skuts per span is **R 1600.00** ('n braaipak en twee koeldranke/ biere vir die prysuitdeling is ingesluit. - sien punt 7). Name van spanlede mag nie verander word na die sluitingsdatum nie. **(Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie).**

**Inskrywingsgelde moet aan Hoëveld Jagter Vereniging betaal word. Bankbesonderhede: Nedbank, Tjekrekening, Takkode: 158-350. Rekening Nommer: 1583 004068. Verwysing: Interskiet Vereniging en Naam.**

Alle inskrywings moet Hoëveld Jagters Vereniging se Kantoor asseblief bereik voor **of op 4 September 2017**. **E-mail inskrywings en bewys van betalings na [christojopperman@gmail.com](mailto:christojopperman@gmail.com)** (NB! Merk asb op betaal depositostrokke vir watter spanne gelde inbetaal is. Die spanne wie se gelde voor of op die afsnydatum inbetaal is **sal kwalifiseer**.)

3. **PLEK:**

Die skiet sal plaasvind op 'n plaas buite Witbank op die Verena pad, waar ons in die veld skiet, die inlas foto sal 'n idee gee hoe die teryn gaan lyk. Ko-ordenate is as volg **S 25° 38' 33.9" E 029° 06' 58.7"**. Blesboklaagte. As jy oor die treinspoor na Verena ry, gaan oor die treinspoor draai regs 1.9km draai links op die Verena pad, Ry 31.3km dan kom jy by die Blesboklaagte bord net na hom is die plaas bord K56. Daar sal ook aanwysings wees in die plaas in.

Die Skiet sal stiptelik om **o9hoo** die Saterdag begin. 'n 100m Skietbaan is beskikbaar vir die inskiet van gewere vanaf 07h00 tot en met 08h00.

#### 4. REËLS EN TEIKENS:

Die reëls is aangeheg

**Geen alkohol mag verbruik word tydens die skiet nie. Hierdie reël geld vir alle skuts en besoekers.**

**Alle skuts en besoekers moet die skiet baan register voltooi.**

#### 5. VOORLOPIGE PROGRAM:

Die voorlopige program is soos volg:

**Saterdag 16 September 2017**

- 07h00 tot 08h00 - Inskiet
- 08h00 - Verwelcomings toespraak. Spanne kom byeen en baan reëls word verduidelik.
- Skiet inligting vir die dag.
- 09h00 tot 16h00 – Skiet vind plaas
- 17h00 – 17h30 – Punte word bekend gemaak
- 17h30 – Prys uitdeling en braai jy moet teenwoordig wees om jou prys te kry

#### 6. NAVRAE:

Vir enige verdere navrae oor die skiet, skakel asseblief:

- Johan Steyn - 082 674 3569
- Frik Coetzee - 082 442 8717
- Chris Opperman - 082 618 0041

#### 7. VERVERSINGS:

'Middag ete: Stalletjies met verversings sal beskikbaar wees by die skiet punt. Die kostes is nie ingesluit by die inskrywings gelde nie.

#### 8. ROMMEL:

By elke skietpunt sal 'n rommel blik beskikbaar wees om rommel in te plaas. **Ons doen 'n vriendelike beroep op deelnemers om nie rommel in die veld te stort nie.**

#### 9. Verblyf:

Daar is geen geriewe nie maar van ons gaan 'n tent opslaan en elkeen is welkom om ook 'n tent op te slaan, jy moet net voorsorg tref vir alles wat jy nodig het, daar sal wel toilets beskikbaar wees en water.



**Foto van die area waar geskiet gaan word, dit gaan 'n lekker uitdaging wees**



Gong skiet



Teiken Skiet



Braai na Skiet



Freedom to Hunt / Vryheid om te Jag